

# APIESRIVIER LANDELIKE Brand Beskermings Vereniging

Posbus 910-631, Pyramid, 0120 Hoewe 5, Route 101, Waterval, Selnommer: 084 952 2882



NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING WAT OP 28 NOVEMBER 2009 OM 14:00 TE DIE  
WINDPOMP RESTAURANT, GROOTVLEI, GEHOU IS.

---

## 1. OPENING & VERWELKOMING

Die voorsitter Peet Dorfling open met gebed. Hy heet almal teenwoordig welkom en vra verskoning dat die vergadering effens laat begin, daar word probleme met die rekenaar ondervind waarop al die inligting is.

## 2. PRESENSIELYS / VERSKONINGS

Presensielys Sirkuleer.

VERSKONINGS:  
Mnr. J Lengoabala  
Nico Minnie  
Mnr Hartzenberg  
Mej A. Van Dyk

## 3. LIEF & LEED

O11VK - Timothy Murry se Huis het afgebrand

Brig. S. Van der Walt is oorlede

O7VK - Mev. Van Aardt het n operasie ondergaan

O22VK - Mev. Dorfling het gebrand met kookwater en hul seun Phillip het sy arm gebreek  
Wessel en Thia het n baba ryker geword.

## 4. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN 21 JUNIE 2008

Die Notule word goedgekeur deur Christo Ayres en gesekondeer deur Chris Schutte.

## 5. VASSTELLING VAN DIE AGENDA

Die agenda word vasgestel

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND

### 6.1 WYSIGING VAN GRONDWET

Daar word 'n voorstel ingedien dat die Grondwet van die BBV gewysig moet word rakende hoeveel lede 'n korum vorm. Dit word eenparig aanvaar dat dit voortaan moet lees : "die lede teenwoordig vorm 'n korum". Dit sal so verander word.

### 6.2 TOERUSTING

#### 6.2.1 Toerusting en gebruik daarvan

Slegs ingeskrewe lede van die BBV mag die beskikbare toerusting gebruik. Die rede hiervoor is dat dit die eiendom van die Stadsraad van Tshwane is en dat die versekering geen dekking bied indien nie-lede die toerusting gebruik. Voor enige toerusting gebruik mag word moet 'n eerste parade vorm voltooi word. Daar word

versoek dat die toerusting na gebruik skoon en gereed vir volgende gebruik terug besorg word. Waar van toepassing moet die brandstof weer aangevul word.

#### 6.2.2 Voorraad

Tarien Cooks (C1VK) is op hoogte van waar al die brand bestrydings toerusting is. Lede moet haar kontak alvorens enige toerusting gebruik word sodat daar in die Voorvalle Boek genotuleer kan word wie in besit van watter toerusting is.

### 6.3 KOMMUNIKASIE

#### 6.3.1 ICASA

Die aansoek om 'n lisensie te bekom is ingedien. Geen terugvoering nog ontvang nie. Tarien Cooks sal die saak opvolg.

#### 6.3.2 Roepseine

Daar sluit heelwat nuwe lede aan met radio's. Die roeplys word gereeld aangepas. Daar word eenparig besluit om nie die adresse van lede op die lys te plaas nie.

#### 6.3.3 Bekend making van inligting & berigte

Peet Dorfling moedig die lede aan om die radio te gebruik om inligting rakende die gebied deur te gee. Johan van Aardt meld dat daar op die GPF vergadering genoem is dat die GPF lede ook die 67Mh radio netwerk wil gebruik. Peet Dorfling meld dat die GPF 'n privaat kanaal sal moet registreer sodat daar nie inbreuk gemaak word op die BBV se take nie.

#### 6.3.4 Gebruik van radio

Peet Dorfling versoek die radio gebruikers om nie die radios af te skakel nie. Die lede moet ook gereeld die radio toetse mee maak om inligting te bekom. Hy bedank almal wat die radio toetse so gereeld waarneem en ook almal wat gereeld inrapporteer.

#### 6.3.5 SMS

Daar is deur die bestuur besluit om slegs aan die BBV lede sms'e te stuur rakende belangrike inligting. Die besluit is geneem sodat die kostes beperk kan word. Die lede word versoek om die sms inligting verder aan die gemeenskap te versprei.

### 6.4 STRUKTUUR

#### 6.4.1 Operasionele plan

Die bestuur is besig met die operasionele plan.

### 6.5 LIDMAATSKAP

#### 6.5.1 Opleiding

Daar is 'n groot groep lede opgelei deur die brandweer in die bestryding van veld brande. Peet Dorfling bedank almal wat die opleiding bygewoon het. Hy versoek dat die lede nog mense moet werf om lid te word van die BBV.

### 6.5.2 Reserviste

Verskeie lede het al as reserviste aangesluit. Die lede sal radio en spraak prosedure opleiding ontvang.

## 6.6 BRANDE

### 6.6.1 Voorbrande

Volgens wet 101 van 1998 is dit verpligtend om voorbrande te maak en in stand te hou. Peet Dorfling moedig lede aan om voorbrande te maak en in stand te hou. Hy versoek ook die lede om persone wat nie ingelig is nie daarvan te vertel sodat alle brande gestop kan word. Dit is skrikwekkend as daar 'n brand buitebeheer raak, mense kan seerkry of selfs sterf.

### 6.6.2 Asgate, tuinafval & bande

Johan Fourie meld dat dit n probleem is aangesien nie alle hoewebewoners hulle vullis laat verwyder nie. Asgate word ook gereeld gebrand. Wetstoepassing moet dringend geskied. Peet Dorfling meld dat die BBV bestuur tans in gesprek is met die Brandweer aangaande die uitreiking van boetes. Daar is reeds verskeie waarskuwings aan persone uitgereik. Jan-Piet Cooks meld dat dit gereeld gebeur dat veldbrande ontstaan a.g.v. vullis gate wat aan die brand gestee word. Die brandweer is by magte om rekening vir die eienaars te stuur. Tarien Cooks meld dat die mense in ag moet neem dat die groter voertuie van die Brandweer net op die hoofpaaie mag ry. Die kleiner grasbrand voertuie bestry die brande in die veld.

Peet Dorfling meld dat daar goeie samewerking met die brandweer is die afgelope siesoen. As enige iemand n probleem het moet die vlootnommer en registrasie nommer van die voertuig aan Tarien Cooks deurgegee word sodat die saak opgevolg kan word. Chris Schutte moedig die gemeenskap aan om sake te maak as daar verliese gely is. Hy is van mening dat die BBV nie net almal moet help nie maar moet konsentreer op lede se behoeftes. Noreen Schutte stel voor dat die Brandweer, SAPS en Tshwane Metro Polisie aangekla moet word omdat hulle nie die bywette afdwing nie.

## 7. FINANSIES

### 7.1 Finansiële state

Peet Dorfling vra verskoning dat die state nie getoon kan word nie aangesien die rekenaar waarop die state gedoen is moeilikheid gee. Tarien Cooks verseker die lede dat die state wel ge-oudit is. Sy sal weer n kopie van die state bekom en dan sal dit beskikbaar wees vir insae. Die Bank state en rekwisies is beskikbaar vir insae deur die lede. **Daar word voorgestel dat vroeg in volgende jaar n spesiale vergadering gehou moet word waartydens die finansies bespreek sal word.**

## 7.2 Voorsitters verslag

A.g.v. die rekenaar probleme kan die voorsittersverslag nie vertoon word nie. Peet Dorfling bedank almal vir hulle harde werk en lig 'n paar hoogtepunte vir die jaar uit.

## 7.3 Fondsinsameling

Daar was n fondsinsamelingsdag gehou in Mountain View. Heelwat donasies is verkry. Die uitgawes was beperk tot die minimum. Daar is ongeveer R600 wins gemaak. Peet Dorfling bedank almal wat gehelp het met die insameling en ook al die persone en instansies wat skenkings gemaak het.

## 7.4 Ledegeld

Eugene Janse van Rensburg stel voor dat 'n begrotings vergadering deur die bestuur gehou word om te bepaal of die ledegelde verhoog moet word.

## 8. ADMINISTRASIE

### Korrespondensie

Daar is vertoeë gerig aan die owerhede rakende die oprigting van hoender hokke in Skoolpad, Lusthof en die oprigting van 'n vragmotor oornag punt op die Murryhill pad en R101.

Daar is ,n berig in Die Beeld dagblad geplaas rakende die lang gras langs paaie wat die Stadsraad nie instand hou nie. Twee weke na die berig is van die gras gesny.

Daar is ,n paar arkbeurte toegeken aan die BBV. Die datums sal later deurgegee word.

Die Rooiwal Kragstasie se skoorstene het die lug met rook besoedel. Die saak is aangespreek en die probleem is opgelos.

Die BBV Bestuur sal die plaaslike koerantjie, Die Bosveld Nuus, nader om inligting en statistieke rondom die BBV te plaas.

Peet Dorfling meld dat die hoofdoel van die BBV is om veld brande te bestry maar die BBV word ook as n spreek buis van die gemeenskap gebruik. Die BBV rig vertoeë en dien besware in waar nodig.

Daar is verskeie kennisgewings opgesit in die gebied rakende die oprigtings van ,n motorhawe by Good Luck kafee en die uitbreiding van Wonderboom lughawe

## 9. VOORSTELLE, PROBLEME & KOMPLIMENTE

Daar is n grondeis ingedien vir die grond Oos van die N1 snelweg in die Wallmansthal omgewing. Daar is 'n Bavaria forum gestig. Daar is reeds 'n interdik uitgereik dat die ou Sendingstasie wat onwettig beset is ontruim moet word.

## 10. NUWE SAKE

### 10.1 Lede kaartjies

Daar word besluit dat alle lede, lede kaartjies sal ontvang. Die mense wat gereeld na brande toe gaan moet hulle kan identifiseer indien nodig. Peet Dorfling bedank Chris Ayres vir die moeite wat hy doen om die kaartjies gemaak te kry.

### 10.2 Brandpermit

Tarien Cooks meld dat sy n voorbeeld van n brand permit gekry het en dat sy besig is om een vir hierdie vereniging saam te stel.

### 10.3 Betaling vir die maak van voorbrande

Daar is verskeie versoeke van die gemeenskap af dat die BBV moet help met voorbrande. Chris Schutte stel voor dat die bestuur 'n bedrag bepaal en sodoende fondse insamel vir die BBV. Die voorstel sal op n bestuursvergadering bespreek word.

### 10.4 DAFF Indaba

Tarien Cooks was deur die Bestuur van die BBV afgevaardig om n Indaba in die Oos Kaap namens die vereniging by te woon. Sy berig dat die kwessie oor n tekort aan finansies die hele Indaba oorheers het. Die munisipaliteite betaal geen gelde oor aan die BBV's nie. Daar is ook kwelpunte rakende Working On Fire bespreek en verdere besprekings sal in die nuwe jaar volg. Peet Dorfling bedank haar vir die moeite wat sy gedoen het om die BBV te verteenwoordig.

### 10.5 Pyramid Sentrum

Jan-Piet Cooks berig dat die Stadsraad van Tshwane hom genader het met 'n versoek dat hulle 'n ambulans wil stasioneer in die Sentrum. Daar is ook sprake dat n voertuig van die Brandweer daar gestasioneer gaan word. Hy meld dat hy aan die Stadsraad lede genoem het dat hy nie alleen 'n besluit mag neem nie en dat die versoek aan al die lede op 'n algemene Jaar vergadering gerig moet word. Die lede teenwoordig besluit eenparig daarteen dat die Stadsraad die gebou mag gebruik. Jan-Piet Cooks sal die besluit aan die Stadsraadslede oordra.

## 11. BRAND BERSKERMINGS OFFISIER Japie Lengoabala

Nie teenwoordig nie.

## 12. VERKIESING VAN NUWE BESTUUR

Die volgende persone word as volg deur middel van n stemming verkies:

Voorsitter : Mnr. P.J. J. Dorfling

Onder voorsitter: Mnr. J.P.D. Cooks

Sekretarisse : Mev A Dorfling

Tesourier : Mnr. A. Beetge

Adisionel lid : Adv. E. Janse van Rensburg

Administratiewe beampte : Mev. T Cooks

Brandhoof : geen verkiesing

Noodhulp hoof: Mej. A. Van Dyk

Kommunikasie hoof : Mnr C. Ayres

Logostieke hoof : Mnr. J de Jager

Die verkose bestuurslede bedank almal vir die vertrouwe in hulle gestel.

## 13. VOLGENDE VERGADERING

Lede sal inkennis gestel word.

## 14. AFSLUITING

Peet Dorfling bedank almal vir die insette gelewer en die moeite wat gedoen is om die vergadering by te woon. Hy nooi almal om saam gesellig te verkeer.